NK Landsdiens

Kontakbesonderhede:
Voorsitter – Ada Rheeder
082 840 2511
Onder-voorsitter – Martha Meintjes
082 468 4495
Tesourier - Deon Marais
082 202 5208
Sekretaresse - Lyndi Bradfield
084 895 2147

Facebook – NK Landsdiens
E-pos - landsdiensnoordkaap@gmail.com

Landsdiens - 2015 Noord-Kaap

Daar is groot opwinding in die Noord-Kaap. Dit is vanjaar Noord-Kaap Landsdiens aan die stuur vir die Nasionale Kamp 7-12 Desember 2016.

Safari-Ete

Ons jaar het afgeskop met ‘n heerlike safari-ete. Die tema was die vier liefdes van landsdiens. Die aptytwekker is aangebied met ‘n verfrissende drankie by Diamantveld en Boys High. Die tema was liefde vir God. Daarna is die voorgereg genuttig by HTS – heerlike knoffelbroodjies met die tema ‘liefde vir die natuur.’ Die hoofgereg is deur Hoërskool Noord-Kaap aangebied met die tema ‘liefde vir arbeid’. Die nagereg is deur Adamantia aangebied met die tema liefde vir die medemens. Aflsuiting was by Staats en Eureka met soete verleidings en koffie.
Al die klubbesture en klubleiers was teenwoordig en verantwoordelik vir hul aanbiedinge.

Kampe

Gebiedskamp

Die gebiedskamp het op Warrenton plaasgevind. 161 landsdieners het dit bygewoon.

Ons het verseker in die NK-hitte die waterkaskenades geniet. Handvaardigheid is voltooi in die lafenis van die lapa – weg van die son! Die kamptaak was ‘n aanhef tot die Nasionale Kamp in Desember.

Ons het indringerplante uitgeroei en die “poorte” na die kamp begin voorberei deur inheemse aalwyne te plant en die kweek uit te roei. Baie verfwerk en opknappingswerk is op die agenda vir die klubkampe in die tweede kwartaal.

Streekskamp

Ons streekskamp verskuif na die eerste week in die Junie-vakansie te Warrenton Kultuuroord.

Aktiwiteite

Kamptaak – Gebiedskamp

Uitroei van indringerplante op kampterrein. Sowat agt sisalplante en kruiwaens vol kweekgras is uitgeroei. In die plek daarvan is eie aan die Noord-Kaap ‘kraalaalwyntjies’ ingeplant.

Al die rommel is ook opgetel in die omgewing van die ingang.

Aktiwiteite

Herwinning

Herwinning is steeds aan die orde van die dag. Elke klub loods veldtogte om die omgewing skoner en netjieser te laat vertoon. Die boodskap wat ons wil uitdra is dat ons ons natuurike hulpbronne veral bome vir suurstof, moet bewaar.

Projekte

Boere-in-NOOD Projek

Elke klub het n projek geloods om geld in te vorder vir die Boere-in-NOOD-projek. Baie geluk aan HTS wat ‘n pragtige bedrag van R3000 ingesamel het. Ons uitreiking op die gebiedskamp het ‘n verdere R1500 ingebring. Ons totale bedrag beloop R10 000 wat oorbetaal is aan die Boere-in-Nood organisasie.

Landsdiens het immers by landbou begin in 1914!

Cansa Relay 4 Life

‘n Groot geleentheid vir die uitreiking na die medemens vind plaas die naweek van 5 – 6 Maart 2016. Dit is Kimberley se jaarlikse ‘Cansa Relay 4 life’. Ons het alreeds suksesvolle blikskud-dae gehad en het Vrydag ‘n pienkdag in Kimberley. Ons hou ook ‘n ‘Shavathon’ om nog fondse intesamel vir Kansa. Verskeie landsdiensklubs skryf spanne in by die ‘relay’ en het die aand kosstalletjies om verdere fondse in te vorder.

Bemarking

Landsdiens is bekendgestel op die graad 8-kampe met heerlike water- en suikerkaskenades en daarna waatlemoenfees en kleurvol beklemtoon met ‘n kleurfees...

Klubs het ‘n skyfievertoning tydens die eerste saalperiode vertoon om Landsdiens aan die hele skool bekend te stel.

Werwing is ook gedoen met die aankondiging dat die landsdiener wat die meeste nuwe lede werf, ‘n prysgeld gelykstaande aan ‘n nasionale kamp se kostes sal ontvang.